Vooraf:

Belangrike temas:

- God het die aarde geskep. (Ons hoef nie te bekommer hoe God dit gedoen het nie.)
- God het vir ons as mense 'n spesiale rol in die skepping gegee.
- Waar ons nou in die wêreldgeskiedenis staan is dit duidelik dat ons as mense nie verantwoordelik met die skepping en ons rol in die skepping is nie.

Benodighede:

1. 2x Plastiekemmers
2. 1x Plastiekkoppie
3. Stophorlosie (Sommer op jou selfoon)

Tafelmaniere

Herinner mekaar aan julle tafelmaniere wat julle aan die begin van die jaar opgestel het.

Verwelkoming:

- Verwelkom almal.
- Is daar iemand nuut/ 'n kuiergas in die groep?

Ysbreker: Water aflos

- **Die aktiwiteit moet asseblief in die saal of op die parkeerterrein gedoen word.**
- Maak die een emmer 75% vol water.
- Sit die emmers omtrent 10 treë uitmekaar.
- Laat jou groep in 'n ry tussen die emmers staan.
- Die groep moet teen die stophorlosie kyk hoe vinnig hulle die water van die een emmer na die volgende emmer kan oortap met die plastiekkoppie. Elke groeplid moet op een plek bly staan vir die duur van die aktiwiteit.

Gesels:

- Probeer gou skat hoeveel water julle in die ander emmer kon kry en hoeveel julle gemors het?
- Wie van julle het hierdie week oor die nuus iets oor water of droogte gehoor? (10 Sept.: Graaf-Reinet se dam het 0,4% water en die dorp is afhanklik van 27 boorgate; 11 Sept.: Port Elizabeth het die laagste reënval van alle tye gehad in Augustus)
- Hoe dink julle sou die mense uit daardie dorpe oor ons speletjie met water vandag voel?
- Wat dink julle is 'n verantwoordelike manier om die water in die emmer nou te gebruik?

Teks: Genesis 21:8-21

Genesis 21:8-21 (Nuwe Lewende Vertaling)

8Isak het groter geword en die dag toe hy gespeen is, het Abraham 'n groot fees gereël om die geleentheid te vier. 9Maar toe Sara opmerk hoe die seun van Abraham en Hagar vir Isak staan en lag, 10het sy by Abraham aangedring: "Raak ontslae van die slavin en haar seun! Ek sal nie toelaat dat hy, die seun van 'n slavin, die erfporsie met my seun, Isak, deel nie!"
11Dit het Abraham hewig ontstel, want Ismael was tog ook sy seun. 12Maar God sê vir Abraham: "Moenie oor die seun en jou slavin ontsteld word nie. Doen soos Sara vra, want uit Isak sal jou nageslag voortgesit word. 13Ek sal egter ook die nageslag van Hagar se seun tot 'n groot nasie maak, want hy is jou seun."
14Die volgende oggend het Abraham vroeg opgestaan. Hy het padkos voorberei en 'n velsak met water oor Hagar se skouers gehang. Toe stuur hy haar en hulle seun weg. Sy het doelloos in die wildernis van Berseba rondgedwaal. 15Toe die water op was, het sy die seun in die koelte van 'n bos gelos. 16Sy self het 'n entjie daarvandaan gaan sit, so ver as wat 'n mens met 'n pyl en boog kan skiet. "Ek wil nie sien hoe my seun sterf nie," het sy in trane gesê.
17Maar God het die seun hoor huil. Toe roep die engel van God vir Hagar uit die hemel: "Hagar, wat is verkeerd? Moenie bang wees nie! God het die seun gehoor huil daar waar hy onder die bos lê. 18Gaan na hom toe en vertroos hom, want Ek gaan sy nageslag 'n groot nasie maak."
19Toe maak God Hagar se oë oop en sy sien 'n put met water. Sy het haar watersak vol gemaak en vir die seun water gegee om te drink. 20God was met die seun. Hy het in die Paranwoestyn grootgeword en 'n knap boogskutter geword. 21Sy ma het gesorg dat hy later met 'n Egiptiese meisie trou.

Gesels in die groep oor die volgende:

- Hoe voel dit om dors te wees, maar jy het nie water om te drink nie?
- As jy in Ismael se skoene kon staan, wat sou deur jou kop gegaan het as jou ma jou so dors, in 'n woestyn onder 'n bos gaan los het?
- Hoe dink julle het die water gesmaak wat Hagar vir Ismael kom gee het?
- God het Hagar se oë oopgemaak om die fontein raak te sien, sodat sy en Ismael kon oorleef. Na die droogte wat ons in die Kaap ervaar het (onthou julle "Day Zero"?) waarvoor maak die Here ons oë oop oor water? Hoe moet ons oor water dink?
- Wat is die goed wat julle in die droogte gedoen het, wat die meeste water gespaar het?
- **Uitdaging:** Hoe kan ons die mense in die Oos- en Noord-Kaap met hulle waterkrisis help?

  - Kan julle 'n projek om gebottelde water te versamel en daarheen te stuur aanpak?

- Kies 'n dorp waar die nood groot is. (Ons het reeds bande met Calvinia, maar daar is NG Gemeentes op al die droë dorpe waarmee ons kan werk, bv. Beaufort-Wes, Graaf-Reinet, Cradock, ens.)
- Weet julle van iemand wat daarheen gaan ry of verbygaan in die volgende paar weke?
- Indien nie, kan julle 'n "road-trip" reël met julle ouers? Dalk oor die langnaweek in die vakansie?

Bid vir mekaar:

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

- Wat lê voor die week?
- Is daar iets waarna jy uitsien?
- Is daar iets waarna jy opsien?

Voor julle uitmekaargaan, maak onder mekaar seker oor die volgende:

- Is almal op die kommunikasie-lys?
- Is almal se kontakbesonderhede nog dieselfde?

Agtergrond: Water

Where are South Africa's water source areas?
Rainfall varies a lot around the country. Our highest rainfall areas are in the high mountainous areas such as the Drakensberg in the Eastern Cape and the mountains of the Western Cape. These mountains are our headwaters, otherwise called water source areas. Collectively they constitute only 10% of South Africa's land area, yet they deliver 50% of our river flow (see map on page 5). For the vast majority of people living in cities, this is the water we depend on.

Why is nature important for people in cities?
Very little water in South Africa is recycled and reused, and even less is produced through desalination. This makes natural water resources (aquifers, rivers and wetlands) our primary sources of water, and we get better quality and higher yields of water when these catchments are healthy and unpolluted. Because a disproportionate amount of our water comes from water source areas, the condition of these areas is vitally important to city dwellers.

What is the state of our natural water resources?
South Africa's natural water resources are polluted, overexploited and there is a lack of active management. Sadly, South Africa is not alone in this. Worldwide, natural wildlife populations are declining at an alarming rate and they are falling fastest in freshwater ecosystems. Wildlife populations living in freshwater have fallen by 81% between 1970 and 2012 (according the Living Planet Report 2016).

What are the main problems?
At a neighbourhood level, we have problems with refuse management, litter in our streets, even oil leaking from cars on our roads. This often ends up in the stormwater system and ultimately in our rivers. At a municipal level, underinvestment in sewage or wastewater treatment works means that many of these treatment plants are not able to cope with the levels of waste they receive. The result is that some discharged treated water is still contaminated and should not be going into our rivers. Poor enforcement at mines and factories also means that polluted water ends up in rivers and aquifers underground. Weak land management means that essential nutrient-rich sediments get washed into rivers and dams. Another problem is that water-thirsty alien invasive vegetation is allowed to spread unabated, sucking up water that should be flowing into streams.

- https://www.businessinsider.co.za/satellite-images-show-south-africas-largest-dams-filling-up-2019-7

Genesis 21:

- Hierdie gedeelte sluit baie nou aan by die vorige hoofstuk 20 waar Isak gebore is, en God sy belofte aan Abraham vervul het. Abraham sou 'n eie nageslag

by Sara hê. En hier het dit nou gebeur. Sara kry in haar ouderdom vir Isak en sy is oorstelp van vreugde.

- Ons moet egter ook onthou dat Abraham reeds 'n kind, Ismael, by sy vrou se Egiptiese slavin, Hagar, gehad het. God gee ook in Genesis 16 vir Ismael 'n belofte van 'n groot nageslag. Abraham was ook baie lief vir Ismael.
- Maar, die konflik tussen Hagar en Sara is van die begin af duidelik. Hagar het Sara vroeër geminag deurdat Sara nog nie 'n kind gehad het nie wat amper op 'n breukspul uitgeloop het. Hier verdiep die krisis tussen hulle nou met 'n soortgelyke konflik rondom Isak.
- 'n Mens moet daarby eintlik doelbewus uit twee perspektiewe na die verhaal luister. Aan die een kant uit Sara se perspektief waar sy Hagar en Ismael as kompetisie gesien het en buitensporig wreed en ongenaakbaar opgetree het. Aan die ander kant uit God se perspektief waar Hy die belofte aan Abraham en Isak vashou, soos Sara, maar voorsiening maak om Sara se wreedheid te temper en sy ander belofte aan Abraham dat Hy Ismael ook sal seën, waar maak. Dit is ook duidelik dat God die nasies voor oë het, nie maar net die een nasie, die Joodse volk nie.
- 'n Mens kan jou moeilik indink in die leed wat 'n ma met 'n kind se naderende dood ervaar. Haar wroeging en worsteling met die woestyn het haar op moedverloor se vlakte gebring. Sy het nie die gesprek tussen Abraham en God gehoor waar God belowe dat Hy vir hulle sal sorg nie. Sy het daarom begin om hoop op te gee. Sy verdwyn buite sig en waarskynlik buite hoorafstand van haar kind.
  Maar, God is nooit buite sig en hoorafstand nie.
- God hoor die kind se stem. Watter troos is dit nie. En besef ons onmiddellik, Ismael se naam is in elk geval 'n sinspeling op "God hoor" (Gen. 16:11). In Ismael se naam was al opgesluit dat God die horende Een is, dié Een waarop 'n mens kan vertrou dat Hy sal luister na ons stem.
- Terwyl Hagar se hart verskeur is, en sy nie langer na haar kind se lyding kan en wil kyk nie, is God naby aan hom. Sommige geleerdes sê dat die stem van Ismael op 'n gebed kan dui. Moontlik bid hy hier tot God, omdat hy besef dat sy gespottery die oorsaak was van hulle situasie en dat hy daarom die saak met God moet regmaak. Wie weet!
- Hoe dit ook al sy. God hoor! Wat Hagar al in Genesis 16 ontdek het dat die Here oral is, dié ontdek Ismael en Hagar weer hier in die woestyn van hulle verlatenheid.
- Die Here sorg ook nie net nie. Hy herhaal sy belofte dat Hy van die kind 'n groot nasie sal maak. Dit kan ook immers nie anders nie. Enigiemand wat met Abraham te doen het, sal geseën word, so lui die Genesis 12 belofte. Hoeveel te meer sal dit nie waar wees van Abraham se eie kind, Ismael, nie. God tree egter in vir die volle belofte en maak Homself bekend aan Hagar.